













VERSIER DIE VOORKANT VAN EIERS SOOS JY WIL.



VERSIER DIE VOORKANT VAN EIERS SOOS JY WIL.



VERSIER DIE VOORKANT VAN EIERS SOOS JY WIL.



BINNEKANT VAN EIERS: PLAAS AGTER DIE VOORKANT.

Maak 'n gaatjie aan die bokant van elke eier (soos aangedui). Gebruik 'n stukkie mooi tou of lint om die voor en binnekante aanmekaar te heg. Hang op vir 'n tikkie Paasfees prag.



Palm Sondag

"Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aan gekom het, het begin uitroep:
"Prys die Seun van Dawid!
Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!
Prys Hom in die hoogste hemel!"

Matteus 21:9



Heilige Woensdag

"Toe het een van die twaalf dissipels, die een wat Judas Iskariot genoem is, na die priesterhoofde toe gegaan en gesê:
"Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom?"
Hulle het hom toe dertig silwer muntstukke betaal. Van toe af was hy op die uitkyk na 'n geskikte geleentheid om Jesus te verrai."

Matteus 26:14-16



Wit Donderdag

"As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was.
Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen."

Johannes 13:14-15



Wit Donderdag

"En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde:
"Neem, eet; dit is my liggaam."
Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê:
"Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes."

Matteus 26:26-28

BINNEKANT VAN EIERS: PLAAS AGTER DIE VOORKANT.

Maak 'n gaatjie aan die bokant van elke eier (soos aangedui). Gebruik 'n stukkie mooi tou of lint om die voor en binnekante aanmekaar te heg. Hang op vir 'n tikkie Paasfees prag.



Wit Donderdag

"Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid:

"My Vader,
as dit moontlik is,

laat hierdie lydensbeker by My verbygaan.
Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie,
maar soos U wil."

Matteus 26:39



Goeie Vrydag

"Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig."

Matteus 27:31



Goeie Vrydag

"Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en die ander een links van Hom.

Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud en gesê:

"Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis aff!"

Net so het die priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot."

Matteus 27:38-41



Goeie Vrydag

"Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.

Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur.

Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars.

Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: "Hierdie man was werklik die Seun van God."

Matteus 27:50-52 + 54

BINNEKANT VAN EIERS: PLAAS AGTER DIE VOORKANT.

Maak 'n gaatjie aan die bokant van elke eier (soos aangedui). Gebruik 'n stukkie mooi tou of lint om die voor en binnekante aanmekaar te heg. Hang op vir 'n tikkie Paasfees prag.



Heilige Saterdag

"Josef het die liggaam geneem en dit in skoon linne toegedraai en dit daarna neergelê in sy eie nuwe graf wat hy in die rots uitgekop het. Hy het 'n groot klip voor die ingang van die graf gerol en weggegaan.

"Pilatus antwoord hulle:
"Hier is vir julle 'n wag; gaan beveilig die graf so goed as julle kan."

Hulle het toe gegaan en die graf beveilig deur die klip te verseël en die wag daar te laat bly."

Matteus 27:59-60 + 65-66



Paas Sondag

"Na die sabbatdag,
toe dit die Sondagmôre begin lig word,
het Maria Magdalena en die
ander Maria na die graf gaan kyk.
Skielik was daar 'n geweldige aardbewing.
'n Engel van die Here het van die hemel af gekom,
na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit.
Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere

so wit soos sneeu.

Van skrik vir hom het die wagte gebewe
en soos dooies geword.

Toe sê die engel vir die vroue:

"Julle moet nie bang wees nie.

Ek weet, julle soek Jesus wat gekruisig is.

Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek."

Matteus 28:1-6



EKSTA EIERS VIR EIE GEBRUIK:

